*Vrydag* **23 Mei**

**Skrifgedeelte: Efesiërs 1:3-14**
**Fokusgedeelte: Efesiërs 1:13a**
**Loof God, want Hy bring ons deur die Heilige Gees tot geloof!**

Op ’n aangrypende wyse word ons opgeroep om die grootheid van God prys! Tot drie keer toe kom hierdie oproep tot ons in ons Skrifgedeelte!
Ons moet God loof en prys omdat Hy ons met hemelse seëninge oorlaai! Hierdie seëninge ontvang ons van die Vader, Seun en Heilige Gees. Lees gerus weer die oorvloed seëninge wat in vers 4 tot 14 beskryf word en loof God vir elkeen!
Een van die seëninge waarvoor ons God moet verheerlik is dat Hy ons in Chrstus deur die Heilige Gees tot geloof bring. Hoe doen die Gees dit? Hy laat ons eerstens die evangelie hoor! Hiervoor gebruik hy verkondigers van die ware Evangelie. Wat hulle met die Woord aan ons bedien beskryf Paulus as:

- die waarheid;
- die evangelie van verlossing.

Die Heilige Gees maak dan ook ons harte en ore oop en plant deur die Woord die geloof in ons. Hierdie geloof is dan nie alleen kennis van wat God in Christus vir ons gedoen het nie. Dit is ook kinderlike vertroue dat God gedoen het wat Hy in die Woord sê, naamlik dat Hy ons deur die bloed van Christus verlos het.
Die Gees doen hierdie wonderlike werk in ons om ons in Christus in te lyf, ons onder sy hoofskap te laat lewe en in sy volk op te neem.
Dink bietjie hoe wonderlik die Heilige Gees te werk gegaan het om jou ook tot geloof te bring. Dink dankbaar aan die mense wat Hy gebruik het om die evangelie aan jou te verkondig en dit vir jou oop te breek! Dank God daarvoor!
Dink ook na oor wat jy as gelowige opnuut weer uit die Woord moet hoor en ter harte moet neem, want die Gees se kragtige werking sien ons onder andere in berou oor sonde, in ’n diep verlange na versoening met God in Christus, in die blydskap van die geloof en in die krag en troos wat gelowiges in Christus het.
Ons geloof is louter genade van die Vader, in Christus deur die Heilige Gees wat in ons woon. Loof en eer God dan daarvoor en wys dit deur in jou geloof te bly groei.

*Sing: Skrifberyming 1-1:6, 7*
*Ds. BR (Reinder) Kingma (Bellville-Oos)*